Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-09-12

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 15/2023

Laerskool Stulting Sportdag 2023: Ten spyte daarvan dat die sportdag, weens die ongure weer, nie Saterdag 26 Augustus kon voortgaan nie was die aktiwiteite wat Vrydag aangebied is ‘n groot sukses. Baie dankie vir al ons ouers en vriende van die skool en wyer Kouga gemeenskap wat ons so mooi ondersteun het en produkte onder mekaar verkoop het. Hiermee is ons sportdag nie winsgewend nie, maar lei ons ook nie ‘n verlies nie. Ons is terleurgesteld dat ons grootste fondsinsamelingsgeleentheid nie gerealiseer het nie, maar kyk terug na 36 suksesvolle sportdae. Ons glo dat 2024 selfs groter as ooit gaan wees.

Buitemuurse rooster: Ons het navrae ontvang aangaande die ***“kondisionering”*** wat op die program aangebied word. Tydens die kondisioneringssessie fokus die personeel op die algemene fiksheid, soepelheid, krag, uithouvermoë en “*core strength*” van ons leerders. Ons fokus veral op die kind wat nie spesifieke somersporte beoefen nie, maar hul oorhoofse liggaamlike gesondheid wil behou. Ons moedig graag almal aan om te kom deelneem.

Sport- en Kultuurprysuitdeling (Donderdag – 14 September): Die prysuitdeling vind om 18:00 in die skoolsaal plaas. Alle pryswenners het reeds briewe met die bepaalde reëlings ontvang. Ons versoek alle pryswenners om reeds om 17:30 in hul volle winterskooldrag by hul voorafbepaalde lokale te rapporteer. Ons versoek ouers om asb. tot aan die einde van die verrigtinge teenwoordig te wees en nie die leerders vanuit hul lokale te neem nie.

Skoolure (Donderdag – 14 September): Weens die prysuitdeling wat plaasvind sal alle leerders om 12:00 verdaag.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Gr. 7 Entrepreneursdag (Vrydag 15 September): Alle leerders gaan ‘n geleentheid kry om die Gr. 7 Entrepreneursdag wat op die rugbyveld gaan plaasvind by te woon. Verskeie aktiwiteite en eetstalletjies word uitgestal. Leerders kan gerus ‘n geldjie saambring om die Gr. 7-leerders te ondersteun.

Jeug Fiksheid en Prestasiesentrum / Rugby Wêreldbeker: Baie dankie aan almal wat Sondag die wedstryd tussen die Springbokke en Skotland in die skool se klubhuis bygewoon het. Dit dien as ‘n fondsinsameling vir die beplande prestasiesentrum wat ons vir ons kinders by die skool wil vestig. Hierdie sentrum sal bydra om die algehele fiksheid en kondisionering en gevolglike prestasie van ons spelers in verskeie sportkodes te verbeter. Apparaat wat gebruik word sal fokus op liggaamsweerstandsoefeninge vir laerskool leerders.

Die volgende geleentheid vind op 23 September plaas wanneer die Springbokke om 21:00 teen Ierland kragte meet. Kaartjies sal vanaf volgende week by die skoolkantoor aangekoop kan word.

Grondslagfase kunste-uitstalling (Woensdag – 20 September): Die grondslagfase kunsuitstalling word op 20 September vanaf 13:00 tot 18:00 in die skoolsaal uitgestal. Ouers is welkom om ‘n koppie koffie te kom geniet terwyl hul na hul kinders se kuns kyk. Toegang is gratig.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF